higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## BESTUUR: BOERDERY N4

**31 Mei 2021**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 C
1.2 D
1.3 B
1.4 A
1.5 A
1.6 C
1.7 A
1.8 C
1.9 D
1.10 B

(10 × 1) (10)

### VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

### VRAAG 3

3.1 D
3.2 A
3.3 F
3.4 G
3.5 L
3.6 H
3.7 I
3.8 C
3.9 E
3.10 B

(10 × 1) **[10]**

### VRAAG 4

4.1 12
4.2 Analitiese benadering
4.3 Induksie
4.4 Verspreidingskanaal
4.5 Goed gedefinieerde

(5 × 1) **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 5

5.1
5.1.1 Kapitalisme
5.1.2 Kommunisme
5.1.3 Sosialisme
5.1.4 Kommunisme
5.1.5 Kapitalisme

(5 × 1) (5)

5.2 Die lewensverwagting van die Suid-Afrikaanse bevolking is besig om te verhoog weens faktore soos lae kindersterftekoerse.✓ Dit is omdat die gesondheidstelsel besig is om te ontwikkel en te verbeter, en dus is daar meer mediese steun✓ en beter medikasie.✓ Die bevolking is hoofsaaklik jonger.✓ Die jonger gemiddelde ouderdom van die bevolking verhoog die vraag na voorkeurkosprodukte weens die verskillende kossoorte wat deur jonger verbruikers vereis word.✓ (5)

5.3
- Grond
- Water
- Arbeid
- Kapitaal
- Entrepreneurskap (Enige 4 × 1) (4)

5.4 Die boer moet optimale gebruik van water verseker en waterhulpbronne doeltreffend in stand hou.✓ Die boer moet ook waterbesparingsmetodes toepas deur water deur reënwateroestery-tegnieke op te vang en te berg.✓ Die gebruik van doeltreffender besproeiingstelsels soos drupbesproeiing moet toegepas word.✓ Verder moet besproeiingskedulering toegepas word om te verseker dat die hoeveelheid water wat deur die gewas benodig word, toegepas word.✓ Die boer kan ook water vir besproeiingsdoeleindes herwin deur gryswatersuiwering sodat dit hergebruik kan word.✓ Droogtebestande gewasse moet geplant word om besproeiingswater te beperk.✓ Die boer kan dekgewasse gebruik om grond te beskerm wat andersins kaal sou staan, onkruid te verminder, grondvrugbaarheid en organiese stowwe te verhoog, en te help om erosie en verdigting te verhoed, waardeur insypeling verbeter word.✓ Die boer kan ook kompos en deklae soos ontbinde organiese stowwe as kunsmis gebruik, wat grondstruktuur verbeter en grond se waterhouvermoë verhoog.✓ Die boer moet wisselbou toepas, aangesien gewasse verskillende watervereistes het. (Enige 8 × 1) (8)

5.5 Tussenpersone is die verskaffers van insette, verwerkers en verspreiders,✓ want boere produseer grondstowwe wat deur bedrywe gebruik word om goedere te produseer wat geskik is vir verbruik deur verbruikers.✓ Boere is dus afhanklik van die verskaffers van insette wat in die produksieproses benodig word.✓ Boere is ook afhanklik van ander instellings wat steundienste soos vervoer, berging,✓ finansiering en bemarking bied om produkte na verbruikers te bring.✓✓ (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

5.6 Prysstabiliteit ondersteun die prysbepaling van goedere om die boer in staat te stel om die voordele van toppryse te verkry,✓✓ terwyl inkomstestabiliteit die vlak is waarteen die produsent se inkomste in verhouding tot die veranderinge in prys en aanbod van goedere verander.✓✓ (2 × 2) (4)

5.7
- Landbou is die verskaffer van grondstowwe wat gebruik word om eindprodukte te maak.
- Dit verdien buitelandse valuta deur die uitvoer van goedere.
- Dit is 'n werkverskaffer.
- Dit is 'n bemarker van goedere en dienste. (4)

**[34]**

## VRAAG 6

6.1
- Wees bewus van die probleem.
- Identifiseer/Definieer die probleem.
- Ontwikkel alternatiewe oplossings vir die probleem.
- Evalueer alternatiewe oplossings vir die probleem.
- Kies die beste moontlike oplossings vir die probleem.
- Implementeer die besluit.
- Evalueer die resultate van die besluit. (7)

6.2
- Stel prestasiestandaarde.
- Neem die werklike prestasies waar (meet resultate).
- Evalueer enige afwyking.
- Pas regstellende maatreëls toe. (4)

6.3 Die menslike hulpbronne-departement hanteer die bestuur van arbeid in die organisasie en is verantwoordelik vir alle personeelsake.✓✓ Dit bestuur die verskaffing van menslike hulpbronne, insluitende die werwing, keuring en plasing van personeel.✓ Dit bestuur ook die ontwikkeling van menslike hulpbronne,✓ insluitende die opleiding van personeel en ontwikkelingsgeleenthede om hul vaardighede en bevoegdheidsvlakke te verbeter om 'n beter bydrae tot die uitvoering van die sake-aktiwiteite te kan lewer.✓ Dit bestuur die instandhouding van menslike hulpbronne, insluitende die skep van aanvaarbare werkstoestande,✓ diensvoorwaardes en voordele om personeel te behou✓ en gehalte-aansoekers na die onderneming te lok.✓
(Enige aanvaarbare antwoord) (8)

6.4 6.4.1 Regmatige mag is die soort mag waar die bestuurder die reg het om die uitvoering van pligte van sy/haar ondergeskiktes te vereis en die reg om hulle af te dank as hulle nie sy/haar instruksies uitvoer nie.

6.4.2 Die mag van beloning is waar die bestuurder die reg het om belonings te gee of terug te hou.

(2 × 2) (4)

6.5
- Verseker gehalte-werwing en -keuring van werknemers.
- Verseker goeie kommunikasie tussen ondergeskiktes.
- Verseker deurlopende professionele opleiding en ontwikkeling van werknemers.
- Ontwikkel doeltreffende strategieë en tegnieke om werknemers te motiveer, en pas dit toe. (4)

Kopiereg voorbehou 

6.6 6.6.1 Wanneer werknemers georganiseer word, moet 'n hiërargiese struktuur beplan word sodat verskillende vlakke van gesag gedefinieer sal word✓ en rolle en verantwoordelikhede aan verskillende werknemers toegewys word.✓ Die doeltreffende spanwydte van beheer moet bepaal word deur 'n aantal werknemers onder die leierskap van elke bestuurder te plaas.✓ Die organisering van werknemers help om te weet wie is wie in die organisasie en maak kommunikasiekanale en protokols duidelik.✓

(Enige toepaslike antwoord) (4)

6.6.2
- Lynorganisasie
- Funksionele organisasie
- Personeel- en lynorganisasie (3)

**[34]**

## VRAAG 7

7.1
- Dit is gemik op 'n tydperk van drie tot tien jaar.
- Dit is op die totale onderneming gefokus.
- Dit is toekomsgerig.
- Dit maak voorsiening vir deurlopende aanpassing by veranderinge in die omgewing.
- Dit is in breë definisie eerder as spesifieke besonderhede ontwerp om die onderneming op koers te hou. (5)

7.2 Wanneer gewasproduksie-aktiwiteite beplan word, moet 'n boer eers die wisseling van gewasse op die plaas bepaal,✓ en dan die geskikste uitleg van die landerye.✓ Daarna moet die boer 'n gewasproduksie-skedule ontwikkel wat die volgorde van verbouing op elke landery aantoon✓ en die hoeveelheid en soort kunsmistoepassing op die landery vir die spesifieke gewas en die verbouingspraktyke vir elke soort gewas bepaal.✓ (4)

7.3 7.3.1 Produksierekords
7.3.2 Balansstaat
7.3.3 Inkomstestaat of menslikehulpbron-rekords
7.3.4 Inkomstestaat
7.3.5 Balansstaat

(5 × 1) (5)

7.4 Beplanning moet altyd op feite gegrond wees.✓ Toepaslike inligting is egter dikwels nie beskikbaar nie en is duur om te bekom.✓ Beplanning moet op betroubare inligting berus,✓ maar indien dit nie die geval is nie, is beplanning van aannames afhanklik.✓ Omstandighede verander dikwels nadat 'n finale besluit geneem is✓ en dan kan die plan nie in die heersende omstandighede uitgevoer word nie.✓ Planne moet dus by die veranderende omgewing aanpas. Te veel veranderinge✓ veroorsaak egter 'n gevoel van onsekerheid onder werkers, wat dan toekomstige formele planne wantrou.✓ (8)

7.5
- Tegniese aktiwiteite
- Kommersiële aktiwiteite
- Finansiële aktiwiteite (3)

Kopiereg voorbehou 

7.6
- Induksie
- Ontwikkelingsopleiding
- Nuwe opleiding (3)

7.7 Induksie is 'n vorm van opleiding waardeur 'n nuwe, oorgeplaasde of bevorderde werknemer aan die praktyke, reëls en prosedures in 'n landbouonderneming blootgestel word.✓✓ Ontwikkelingsopleiding is wanneer bestaande kennis en vaardighede verder ontwikkel word.✓✓ Nuwe opleiding is wanneer werknemers aan kennis en vaardighede blootgestel word wat hulle nog nooit gehad of toegepas het nie.✓✓ (6)

**[34]**

## VRAAG 8

8.1 8.1.1
- Funksionele benadering
- Institusionele benadering
- Analitiese benadering (3)

8.1.2 Die funksionele benadering klassifiseer verskillende aktiwiteite volgens hul funksies en onderskeid word tussen die primêre en sekondêre funksies in die bemarkingsproses gemaak.✓ Hierdie funksies word in ophoping, gelykmaking en verspreiding verdeel.✓ Die institusionele benadering ontleed die bemarkingstrukture en verdeel dit in verskillende organisasies en instellings wat by bemarking betrokke is✓ en klassifiseer rolspelers volgens elke struktuur.✓ Die analitiese benadering klassifiseer en beskryf die bemarkingsprobleme✓ volgens hul ekonomiese elemente en nie volgens funksies nie.✓ (6)

8.2 8.2.1 Prys = 80 – 60
= 20✓

% verandering in prys = 20/80 × 100✓
= 2 000/80 × 100
= 25%✓

8.2.2 Hoeveelheid = 500 – 300
= 200✓

% verandering in hoeveelheid = 200/300 × 100✓
= 20 000/300 × 100
= 66,7%✓

8.2.3 Pryselastisiteit van vraag = % verandering in hoeveelheid /% verandering in prys✓
= 66,7%/25%✓
= 2,7✓
(3 × 3) (9)

8.3
- Verkryging en verskaffing van inligting
- Standaardisering en gradering
- Hersamestelling
- Berging
- Finansiering
- Dra van risiko (6)

8.4 Markewewig is 'n toestand waar vraag presies gelyk is aan aanbod in die mark. (2)

8.5 Ekonomiese risiko ontstaan uit die verskil in aanbod en vraag (prysverskil), terwyl fisiese risiko deur natuurlike oorsake ontstaan, soos brand, donderweer, aardbewings, siektes en beskadiging van gewasse deur diere, plae en peste. (2 × 2) (4)

8.6
- Afrikane verkies vars produkte, veral vleis en groente van goeie gehalte.
- Hulle koop gewoonlik klein hoeveelhede van die items wat die meeste vir daaglikse verbruik benodig word.
- Hulle stel nie veel in duur verpakking belang nie.
- Hulle heg nie waarde aan die massa van goedere nie, maar eerder die hoeveelheid daarvan. (4)

**[34]**

## VRAAG 9

9.1 9.1.1 Daar is 'n omgekeerde verhouding tussen prys en hoeveelheid. Wanneer 'n prys daal, styg die hoeveelheid gevra. As 'n prys styg, daal die hoeveelheid gevra. Hierdie verhouding lei tot 'n negatiewe neiging van die vraagkromme. (2)

9.1.2 Styging in vraag OF verskuiwing in die vraagkromme wat 'n styging in vraag toon (2)

9.1.3 Die moontlike redes vir die beweging van $D_X$ tot $D^1_X$ is:
- Verhoging in die inkomste van verbruikers
- Veranderinge van voorkeur en smaak
- Verwagtinge van toekomstige prys, aanbod, behoeftes, ens.
- 'n Verandering in die prys van verwante goedere. Dit kan plaasvervangers wees, soos beesvleis teenoor hoender, of aanvullende produkte, soos skaapvleis en wol
- 'n Toename in die aantal potensiële kopers

(Enige 2 × 1) (2)

9.1.4




- Korrekte byskrifte vir X-as en Y-as✓✓
- Byskrif vir aanbodkromme✓
- Byskrif vir vraagkromme✓
- Ewewigspunt✓
- Oorskotgebied ✓
- Tekortgebied ✓
- Prys en hoeveelheid van produk X✓ (8)

9.2 Produksie-oriëntasie✓ beskou produksie as die belangrikste aktiwiteit.✓ Boere fokus op die produksie van die goedere, dus fokus die bestuur op produksie.✓ Hierdie oriëntasie kan suksesvol wees waar daar 'n bestaande kopersmark is, maar kan 'n hoë risiko wees as dit nie die geval is nie. Die tweede oriëntasie is verkoopsoriëntasie.✓ Dit is dikwels in die verlede gebruik toe daar 'n tekort aan kopers was, en nie aan goedere nie.✓ Die hoofdoel was om verkope te stimuleer.✓ Boere het dus meer tyd aan reklame, die onderskeiding van produkte deur verpakking asook handelsmerke en verkoopspromosie bestee om hul markaandeel te vergroot.✓ Laastens is daar bemarkings- of verbruikersoriëntasie,✓ wat ontstaan het weens die gebrek aan sukses van die produksie- en verkoopsoriëntasie.✓ Boere produseer goedere wat in aanvraag deur verbruikers is, eerder as om goedere te produseer en dan kopers te soek.✓ (10)

9.3
- Bemarkingsrade
- Agente van die rade (4)

9.4 Landbougoedere is homogeen wat hulle is min of meer dieselfde in vergelyking met vervaardigde goedere. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.5 | 9.5.1 | Ja | (1) |
| | 9.5.2 | Finansiële bestuur behels die vloei van fondse deur die verkryging van fondse, wat algemeen as finansiering bekendstaan.✓ Dit behels ook die toepassing van fondse deur die aankoop van bates, wat as 'n belegging beskou word,✓ en die administrasie van fondse en verslagdoening oor finansiële sake.✓ | (3) |
| | | | **[34]** |

**TOTAAL AFDELING B: 170**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou